Posbus 30 P.O. Box
LADISMITH
6655

info@kannaland.co.za
Tel : (028) 551 1023
Fax : (028) 551 1766

Kerkstr. 32 Church St.
LADISMITH
6655

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| *Verwysing:*<br>*Reference:* | *10/1/1* | *Navrae:*<br>*Enquiries:* | *MM Hoogbaard* | *Datum:*<br>*Date:* | *13 Januarie 2016* |

# KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUUR

## Eskom se Paja-Kennisgewing oor die opskorting van kragtoevoer na Kannaland

Die voortslepende heen-en-weerdery tussen die Munisipaliteit Kannaland en Eskom het vandag weer opgevlam toe Eskom 'n Paja-kennisgewing gepubliseer het oor 'n "beoogde opskorting"van die kragtoevoer na Ladismith en Calitzdorp op 26 Februarie.

Kannaland se Eskom-rekening word noukeurig bestuur met deurdagte inbegrip van die munisipaliteit se verpligtinge, toekennings, billike aandeel, en die belastingbetalers en inwoners se vereffening van munisipale rekeninge. Kannaland se fiskale dissipline het die afgelope twee jaar op ongekwalifiseerde ouditmenings uitgeloop – die jongste ongekwalifiseerde ouditmening is selfs beter as die vorige ongekwalifiseerde ouditmening. Kannaland bestuur sy sake doelgerig en doeltreffend en sal nie voorgesê of geïntimideer word nie.

Gereelde interessante en selfs innoverende verskonings van sommige grootmaatverbruikers om nie rekeninge betyds en volledig te betaal nie dwarsboom Kannaland met reëlmaat. Daarom het Kannaland met ingang 1 Januarie 'n konsekwente kredietbeleid van geen verdraagsaamheid nie:

Data word intiem bestuur vir akkuraatheid. Rekeninge word korrek en betyds afgelewer. Wanbetaling lei tot onmiddelike opskorting totdat betaling en reëlings soos in die raadsbeleid voorgeskryf, nagekom word. Die kontantvloeivoordele van hierdie beleid is reeds meetbaar en sal binnekort 'n standhoudende voordeel verseker.

Kannaland het egter 'n enorme deernisregister wat steeds bygewerk word. Die munisipaliteit se billike aandeel is nie groot genoeg om deerniskoste te delg nie en hierdie uitval plaas ernorme druk op kontantvloei. Die munisipaliteit se vermoë om deernis- en ander huishoudings se vereffeningspatrone te bestuur word juis ook benadeel deur Eskom se direkte kragverkope op Zoar en Vanwyksdorp. Kannaland sal die debiteure van hierdie twee dienspunte doelgerig en doeltreffend kan bestuur indien Kannaland die kragverkope en gepaardgaande dissiplinêre opsies wat kragverskaffing meebring kan bekom. So 'n reëling sal Kannaland se algemene kredietbestuur en gepaardgaande kontantvloei versterk en Kannaland in 'n baie gunstiger posisie plaas om krediteure soos Eskom tydig te betaal. Hierdie uitval kry aandag en 'n wedersyds voordelige oplossing sal Kannaland se vermoë om sy verpligtinge doeltreffender na te kom baie verbeter.

Eskom tree binne sy regte en verpligtinge op met sy kennisgewings wat 'n feitelike, maar onvolledige indruk maak. Kannaland behou sy eie regte en verpligtinge voor om sy finansies tot

opperste voordeel van sy mense te bestuur. Indien hierdie diensleweringsproses tot verskille lei, kom die mense van Kannaland eerste.

Kannaland se Eskom-rekening sal vereffen word. Daar moet deeglik kennis geneem word dat Kannaland gereelde betalings op sy Eskomrekening maak en dat slegs bepaalde sporadiese invloede die betalingsritme versteur waarna die betalings weer met reëlmaat voortgaan. Kannaland sal aanhou om Eskom te ken in die proses om dienste-inkomste te normaliseer en te stabiliseer en standhoudend te bestuur ten einde al Kannaland se verpligtinge tydig na te kom.

Die mense van Kannaland sal op die hoogte gehou word van die Eskomrekening, en Kannaland sal ook voortgaan om Eskom met groter omsigtigheid en agting te behandel as waarmee Kannaland behandel word.

Die uwe,

**MM HOOGBAARD**
**MUNISIPALE BESTUURDER**